DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Johannes 15:5*

15 Julie 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 55: 1, 3	Sing vooraf	Sb. 9-1: 3, 4 (26)
Sing	Ps. 145: 1, 3, 4	Sing	Ps. 97: 1, 4
	Ps. 119: 35, 36		Ps. 106: 1, 2
	Ps. 56: 1, 3		Ps. 119: 39, 40
	Ps. 34: 8, 9		
Skriflesing	1 Samuel 21 Psalm 56	Skriflesing	2 Petrus 1:1-21 HK Sondag 35 Vraag 98
Teks	Psalm 56:9	Teks	2 Petrus 1:19-21
Tema	**Ons lyding – sinloos of sinvol?**	Tema	**Die lewende Woord is die vaste fondament vir die geloof**

2. ALGEMENE KERKNUUS

BEROEPE

Beroepe Aanvaar

- Proponent PW Smit (Wouter) na Vereeniging

Beroepe Bedank

- Ds MH le Roux (Marco) van Newcastle na Kemptonpark

WES-KAAP JEUGKONGRES

In opdrag van die sinodale jeugdeputate word daar op DV **Sondag, 29 Julie** 'n jeugkongres (gemik op veral kinders en studente) by Gereformeerde Kerk Bellville-Oos aangebied. Dit begin om 09h30 met 'n erediens, waarna Mynhardt van Pletzen gaan praat oor ***Sosiale Media en Die Evangelie***. Toegang is gratis en sluit 'n hamburger middag-ete in.
Kontakpersone: ds. Dinant Zwemstra (083 601 8986) en ds. Reynold Fourie (084 707 6276)

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BASAAR

Dis weer tyd om voor te berei vir ons jaarlikse basaar op DV **Saterdag, 27 Oktober.** Alle wit olifante, boeke, glaspotjies vir konfyt, 2de handse klere en plantbakkies (ook leë roomys- en joghurt bakkies) kan 'n huis vind in die houers wat uitgesit is in die teedrinklokaal. **Lidmate wat belang stel om te help met die koördinering van die stalletjies, bemarking of enige ander aspek van die basaar – skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal.**

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Bybelstudie vir mamma's: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons teedrinklokaal op DV **Vrydag, 3 Augustus** vanaf **10h30 tot 14h00**. Smaaklike pannekoek en kerrie-en-rys word bedien. Heerlike konfyt en wit olifante sal ook te koop wees. Indien jy graag 'n bestelling wil plaas vir wegneem-ete, skryf asseblief jou naam op die lys in die teedrinklokaal. Ons benodig ook hulp tydens die oggend se verrigtinge – skryf asseblief jou naam op die lys indien jy bereid is om te kom help.
Kontakpersoon: sr. Geertje Groenewald

Pryse:	Kerrie-en-Rys	R20 per porsie
	Pannekoek	R5 elk / R20 vir 5 pannekoeke

GELUKWENSING

Ons dank die Here vir die groot genade van nuwe verbondskindjies:

- Br. Arno en sr. Nicolette Loots se seuntjie is gebore. Geluk ook aan die grootouers, br. Frans en sr. Margo Nijeboer
- Br. Ian en sr. Marilie Snyman se dogtertjie is gebore
- Br. Frans en sr. Fransien van der Merwe het 'n kleindogter ryker geword

GEMEENTEKAMP

Ons herinner u graag aan die gemeentekamp wat plaasvind DV **28 tot 30 September** te **Mizpah**. Indien u betrokke wil wees by die beplanning, kontak vir br. Jaco Cilliers.

KATKISASIE

Katkisasie klasse heropen DV volgende Sondag na die oggenderediens.

MEELEWING

Sr. Dienie Steyn se moeder is verlede maand oorlede. Mag die Here haar ryklik vertroos.

OMGEWINGSAKE

Die opwinding wat natuurgenot in ons wye - nog grootliks ongeskonde - suiderlande se trefferklimaat verskaf, is ‘n vreugde ruim en wyd en wat jy saam met God as Skepper kan beleef om blydskap in jou volkome te laat word. ‘n Opdrag wat die Bybel deurspek en ‘n vername prikkel om jou lewensloop te begenadig. Dit voorkom dat daar tyd en rede vir mismoedigheid vir jou as vreemdeling en bywoner in ‘n brose aardse tentwoning is en laat jou verder kyk na ‘n groter rykdom as aardse probleme.

Nou het ons ‘n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel bewaar word *1 Petrus 1:4*

4. SUSTERS

EMBLEEM VIR DIE SUSTERS

Ons nooi alle lidmate wat belangstel – oud en jonk – om jul ontwerp(e) vir ’n embleem vir die Sustershulporganisasie van ons gemeente voor te lê. Die tema: **Omgee**, gebaseer op Johannes 14:20-21: “... weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle. ... en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” Die sluitingsdatum is DV 29 Julie 2018. Stuur die ontwerpe asseblief per e-pos aan judy.venter@mweb.co.za, of gee dit ná die oggenderediens aan srs. Judy Venter of Deléne Vrey.

TEESKINKBEURTE

Volgende Sondag: Srs. **Nicolette Costerus**, Lizelle Janse van Rensburg, Joany Koen, Annalize Louw, Mariet Nijeboer, Carin van den Bout, Annemie van Dyk en Daleen Venter

Die lys vir teeskinkbeurte is per e-pos uitgestuur en ook op die aansteekbord aangebring. **Ons benodig nog susters om as sameroepers op te tree.** Dit behels bloot dat jy verantwoordelikheid neem vir ‘n Sondag of vergadering, reël vir vars melk en almal herinner aan hulle beurt. Kontak asseblief vir sr. Willina Cilliers indien jy bereid is om so diensbaar te wees.

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Riaan Janse van Rensburg, Paul Swart, Willie Swanepoel, **Albert Mulder**
Volgende week: Brs. Martin van der Walt, Tommie Venter, Reinard Visser, Ludwig Venter

Ouderlinge

Vandag: Brs. Ruhan Coetzee, Llen Labuschagne, Willem de Haan, Peet van der Walt
Volgende week: Brs. Freddie Scheepers, Harm du Plessis, Wilhelm Groenewald, Piet Aucamp

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Elzar Wendt, Cobus du Plessis
Volgende week: Brs. Johan Snyman, Dewald Costerus

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Huis Boland	Diakonale Kas
By die deure:	Bolandse Bedieningsfonds	Thusofonds

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Julie: 23/07 Oude Westhof, 30/07 Durbanville 1
Augustus: 13/08 Durbanville 2, 27/08 Stellenryk
September: 03/09 Oak Glen, 17/09 Goedemoed

VERGADERINGS

Borg 'n Bybel

Vandag om 17h00

Katkisasie kommissie

Volgende Sondag na die aanderediens

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **sr. Nel de Vries** gelukwens met haar **83ste** verjaarsdag!

16/07	Br. Chris de Waal
17/07	Sr. Mara Kruger
19/07	Sr. Nel de Vries
20/07	Dylan Henderson (11 jaar) Br. Wessel Hoffman Sr. Joany Koen Sr. Louise van Staden
21/07	Br. George Fourie

Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel. *Jesaja 26:3*

7. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville		
Broadway 6, Bellville, 7530		Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za		Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30		
Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste https://rcsasouthernsuburbs.com/	083 973 5818
Skriba	Oudl. Jacobus Venter skriba.gkbellville@gmail.com	072 618 8892
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Orrelis	Sr. Etresia Hendricks	084 472 4648
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard kassier.gkbellville@gmail.com	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag** om **16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za